St. Guido van Pomposa

31 Maart

(sterf 1046)

Gebore naby Ravenna in Italië het hy as self-behepte jongman op ’n dag tot die diepe besef gekom dat ’n lewe wat op selfsug gerond is futiel en sinneloos was. Hy ondergaan ’n blywende bekering en gee homself oor aan die geestelike begeleiding van ’n kluisenaar wat hom die weg van ware gebed en self-afsterwing leer. Later word hy tot die ab van die Benediktynse abdy van Pomposa in die hertogdom Ferrara verkies. Veertig jaar lank het hy se medebroers met uitsonderlike geduld en begrip en broederlike sorg op die pad van egte Christenskap en kruisliefde begelei. Ná sy dood is sy relieke deur keiser Hendrik III oorgebring na die stad Speyer in Duitsland, waar hy as die heilige Witen bekend staan.

Die Oratorium Uitgewery